basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings. |

Kopiereg voorbehou 

**1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
    - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — /\
    - Verkeerde stelling — ______
    - Irrelevante stelling — |
    - Herhaling — **R**
    - Analise — **A**√
    - Interpretasie — 1√
4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding,
gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | } 18-19 |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |
|---|---|---|

## GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| AANBIEDING<br><br>INHOUD | VLAK 7<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | VLAK 6<br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd | VLAK 3<br>Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/ poging om argument te ontwikkel. | VLAK 1<br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27–30 | 24–26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24–26 | 23 | 21–22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21–22 | 20 | 18–19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18–19 | 17 | 15–16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15–16 | 14 | 12–13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12–13 | 11 | 9–10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant. | | | | | | 9–10 | 0–8 |

## GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%**<br>**24–30**<br>**[Uitstekend]** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%**<br>**21–23**<br>**[Baie goed]** | Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne<br>Poog om teenargument te oorweeg<br>Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60–69%**<br>**18–20**<br>**[Goed]** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp die meeste van die bronne<br>Gebruik die meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Uitdrukking goed, maar daar is foute<br>Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg.<br>Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie<br>Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%**<br>**15–17**<br>**[Bevredigend]** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking bevredigend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40–49%**<br>**12–14**<br>**[Redelik]** | Geringe poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Geringe uitdrukking<br>Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%**<br>**09–11**<br>**[Swak]** | Kan nie op onderwerp fokus nie<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, indien enige |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%**<br>**0–8**<br>**[Baie swak]** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Skryf bron direk oor<br>Antwoord uiters swak |

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN KOMMUNISME IN DIE SOWJETUNIE VERANDERING IN SUID-AFRIKA NA 1989 BEÏNVLOED?**

1.1

1.1.1 *[Analiseer inligting uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3)]*
- Om ekonomiese stilstand te bowe te kom
- Om die ekonomiese krisis aan te spreek
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Analiseer inligting uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3)]*
- Heropbou van die ekonomie
- Dit het meer demokratiese beginsels ingestel soos individuele vryheid en oorweging vir persoonlike waardigheid
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 1A – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*
- Omdat hy konserwatief was en het hervormings wat hy as radikaal gesien het teengestaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

1.2

1.2.1 *[Verduideliking van histories konsepte uit Bronne 1A en 1B – V1 – LU2 (AS1)]*

(a) Perestroika
- Die begrip verwys na die herstrukturering van die Sowjetunie se ekonomie
- Dit was bedoel om die ontwikkeling van demokrasie mee te bring, aanmoediging van inisiatief, om kreatief te wees en respek vir individuele vryheid (1 x 2) (2)

(b) Glasnost
- Dit begrip beteken 'openlikheid'
- Instelling van sosiale en politieke hervorming om verandering in Sowjetunie te weeg te bring
- Media sensuur te verminder en vryheid van spraak en kritiek toe te laat (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Evalueer inligting uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3)]*

**Gorbachev**
- ’n Man wat nie ’n visioenêr of rewolusionêr was nie
- Hy het gedink dat kommunisme hervorm kon word tot ’n soort sosiale demokrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**De Klerk**
- Hy was nie radikaal nie
- Dit was die val van kommunisme wat hom die moed gegee het om hervormings in te stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Uittreksel van inligting uit Bron 1B – V1 – LU1 (AS3)]*
- Die val van Kommunisme
- Toe daar besef word dat kommunisme nie meer 'n wêreldmag is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Ondersoek en verduidelik die verbintenis van veranderde magsverhoudings uit Bron 1B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*
- De Klerk het hervormings ingestel om apartheid te beëindig nadat Gorbachev kommunisme hervorm het
- De Klerk was aangemoedig deur die val van kommunisme in die Sowjetunie om hervorming in Suid-Afrika in te stel
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.5 *[Analise van inligting uit Bron 1C – V2 – LU1 (AS3 en 4)]*
- Hulle sou gekant gewees het teen mnr. Mandela se vrylating omdat hulle gekant was teen mnr. De Klerk se hervorming.
- Hulle sou hom nie verwelkom het nie want hulle het hom as ŉ terroris beskou
- Hulle sou kwaad wees want sy vrylating simboliseer die einde van apartheid wat hulle wou behou
- Enige ander relevante (enige 1 x 2) (2)

1.3
1.3.1 *[Evalueer of die waarneming uit Bron 1C akkuraat is – V2 – LU1 (AS3 en 4)]*
**AKKURAAT**
- Die ANC het mnr. Mandela se vrylating verwag, maar nie die ontbanning nie
- Die ANC het nog steeds daaraan gedink om mnr. Mandela te gebruik vir 'n groot veldtog om die regering te forseer om dit (ANC) te ontban.

**NIE AKKURAAT**
- Dit is die siening van die skrywer (W de Klerk)
- Die skrywer was ŉ lid van die Nasionale Party
- Die skrywer kan nie namens die ANC praat nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 1C – V3 – LU1 (AS3)]*
- As ŉ georganiseerde ondergrondse leër was dit deel van die stryd
- Toe dit ontban was het dit oornag ŉ openbare organisasie geword
- Dit kon nie meer staatmaak op buitelandse hulp vir weerstand teen apartheid nie maar moes begin om soos ŉ demokratiese politieke party te funksioneer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van Bronne 1B en 1C om die bruikbaarheid van die impak van die val van kommunisme in Suid-Afrika te oordeel – V3– LU2(AS3); LU3 (AS2)]*

**BRON 1B** is bruikbaar as gevolg van die volgende:

- Dit is gebaseer op die assessering van ŉ neutrale persoon (die skrywer)
- Dit was geskryf tydens die herdenking van die val van kommunisme en die instelling van hervorming in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 1C** is bruikbaar as gevolg van die volgende:

- Die skrywer is FW de Klerk se broer wat tred gehou het van wat aangaan
- Die skrywer was betrokke om die weg te baan vir die nuwe Suid-Afrika
- Enige ander relevant antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpreteer, analiseer en sintese van bewyse van al die Bronne – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2 en 3); LU3 (AS2)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- De Klerk het hervormings ingestel om die politieke ideologie te verander (apartheid)
- Hy het daadwerklike stappe gedoen om apartheid in Suid-Afrika te beëindig
- Hy het reageer op politieke en ekonomiese druk in Suid-Afrika
- Hy het te staan gekom met konserwatiewe verregse teenkanting om nie apartheid af te skaf
- Die verandering was ŉ bedreiging vir die tuisland leiers wat hul magsbasis kwyt sou wees
- Hy het ŉ held van verandering in Suid-Afrika geword

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre manier bv. **toon geen of min begrip van die belangrikheid van De Klerk se hervormingsbeleid in Suid-Afrika .**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is grotendeels relevant en hou grotendeels verband met die onderwerp bv. **toon begrip vir die belangrikheid van De Klerk se hervormingsbeleid in Suid-Afrika**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip vir De Klerk se hervormingsbeleid in Suid-Afrika.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip toon vir die onderwerp. | **Punte: 6–8** |

(8)

## 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme in die Sowjetunie die weg gebaan het vir De Klerk om hervormings in Suid-Afrika in te stel.

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die verbintenis tussen die val van kommunisme en die instelling van hervorming in Suid-Afrika deur De Klerk beaam.

UITBREIDING

- Die rol van interne probleme in die Sowjetunie en hoe dit bygedra het tot die val van Kommunisme
- Gorbachev se instelling van hervorming – Glasnost en Perestroika
- De Klerk verklaar dat die val van kommunisme die Nasionale Party aangemoedig het om mnr. Mandela uit die tronk vry te laat en om hervormings in te stel
- Met die val van kommunisme het die Weste geen rede meer gehad om die Suid-Afrikaanse regering te ondersteun nie.
- De Klerk het erken dat slegs toe dit duidelik word dat kommunisme nie meer 'n bedreiging was nie, toe eers is onderhandelinge met gevangenisse op Robbeneiland begin
- Die ANC het nie meer kommunisme gehad om hul wapenstryd te ondersteun nie
- Die ANC was forseer om te onderhandel – deur die val van Kommunisme
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer.**

1.6.2 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse uit die Bronne en eie kennis om die argument te ondersteun - L2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet die omstandighede evalueer wat Gorbachev en De Klerk beïnvloed
het om hervorming binne hul onderskeie lande in te stel.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet beaam of ontken dat Gorbachev en De Klerk rewolusionêr was en aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

**Op Gorbachev**
- Ekonomiese krisis in die Sowjetunie
- Instelling van - openlikheid
- Glasnost het kritiek teen Gorbachev ontlok
- Instelling van Perestroika – ekonomiese herstrukturering om met die ekonomiese krisis aan te spreek
- Gorbachev het gedink dat glasnost en perestroika kommunisme sal verander na 'n soort sosiale demokrasie
- Kritiek en teenkanting van konserwatiewes
- Sy hervorming lei tot sy ondergang
- Die verbrokkeling van die Kommuniste Party

**Op De Klerk**
- Interne ekonomiese en politieke druk in die land
- Die rol Internasionale druk –sanksies
- Die impak van die val van kommunisme
- Die rol van die Nasionale Party
- De Klerk se dapper stappe – vrylating van mnr. Mandela uit die gevangenis, ontbanning van al die vryheidbewegings, opheffing van die apartheidswette
- Teenkanting van die konserwatiewes
- Die val die Nasionale Party
- Die magtelose natuur van die ANC – in die afwesigheid van kommunistiese ondersteuning
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer. [75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE BEËINDIGING VAN DIE KOUE OORLOG TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTE GEDURENDE DIE 1990's BYGEDRA?**

2.1

2.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU2 (AS3)]*
- Ekonomiese stabiliteit te verkry (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Internasionale Monetêre Fonds (IMF)
- Wêreldbank (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 2A – V1- LU2 (AS3)]*
- Om die ekonomiese en monetêre beleid te verbeter
- Oormatige inflasie
- Negatiewe ware rente groei
- Begrotingstekort (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpreteer en analiseer bewyse uit Bron 2A – V3 – LU1 (AS3); (AS4)]*
- Kommunisme en die Koue Oorlog kom tot 'n einde
- Afrika lande kon nie meer die super moondhede teen mekaar afspeel om ekonomiese voordeel te kry nie.
- Russies ekonomiese hulp aan Afrika state kom tot ŉ einde/ Rusland was finansieel bankrot
- Hulp kon slegs verkry word van die Westerse moondhede en finansiële instellings
- Westerse moondhede en finansiële instellings het aangedring op nuwe ekonomiese beleide
- Die beleide was profyt oriënteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2B – V1 – LU2 (AS3)]*
- Om die Egiptiese ekonomie te herstel en te transformeer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Evaluering van inligting uit Bron 2B - V2 – LU1 (AS4)]*
- Om te verseker dat die stapelvoedselsoort hul markwaarde herwin
- Ophef van voedsel subsidies
- Misleidende markwaarde van goedere (2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpreteer en evalueer uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Armoede/Werkloosheid (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpreteer van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*

(a) **Meerderheid Egiptenare**
- Party van die armes het nie kwalifiseer want hulle het nie geregistreer nie
- Hoë persentasie van Egiptenare het op die voedselkoepons staatgemaak
- Voedselkoepons bewys van verskil tussen ryk en arm
- Meerderheid Egiptenare het op die staat gesteun vir hul oorlewing
- Meeste het dit verwelkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2 ) (2)

(b) **Ryk Egiptenare**
- 1% van Egiptenare het nie staatshulp benodig nie, hulle was ryk
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.5 *[Evalueer en interpreteer van inligting uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3]*
- Hulle was ongelukkig met die ekonomiese omstandighede
- Gehalte van goedere het agteruit gegaan
- Hoeveelheid van stapelvoedsel het minder geword
- Kan nie hul families behoorlik voed nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 *[Interpreteer en evalueer Bron 3C - V3 - LU1(AS3)]*
**Kandidate moet aandui of die spotprent akkuraat of nie akkuraat is en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**AKKURAAT**
- Hy was polities korrup bv. rykdom bymekaar gemaak terwyl hy leier was van Egipte
- Ekonomiese beleid het die minderheid bevoordeel
- Meer as 80% van Egiptenare woon in armoede
- Spotprent wys wat mense gedink het van die gebeurtenis
- Enige ander relevante antwoord

**NIE AKKURAAT**
- Bron veralgemeen oor Mubarak
- Betroubaarheid word bevraagteken
- Dit is die siening van die spotprent
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van Bronne 2B en 2C - V2 –LU1 – (AS3 & AS4), LU2 (AS3)]*

**BRON 2B**
- Armoede oorheersend onder Egiptenare
- Meer as 80% van Egiptenare het gebruik gemaak van voedsel koepons om aan die lewe te bly
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

**BRON 2C**
- Wys op Mubarak se hebsug (korrupsie)
- Wys op die bymekaar maak van rykdom gedurende sy bewind
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.5 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bronne 2A en 2B – V3 – LU1 (AS3&4)*
**Kandidate moet of Bron 2A of 2B kies. Hulle moet aandui waarom dit bruikbaar is en hul antwoord steun met relevante bewyse.**

**BRON 2A**
- Bewys hoe lande nuwe ekonomiese beleide aangeneem het, wat gebaseer was op kapitalistiese beginsels.
- Wys op die rol van kapitalistiese instellings (IMF en die Wêreld bank)
- Die uitwerking wat dit op die meerderheid Egiptenare gehad het
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 2B**
- Dit weerspieël die uitwerking van die aangepaste ekonomiese programme (nuwe ekonomiese program) op die meerderheid van Egiptenare
- Die bron verskaf insig oor die armoede van Egiptenare
- Te veel Egiptenare steun op staatshulp vir oorlewing
- Egiptenare het begin om hul woede teenoor Mubarak se regering te opper
- Enige relevant response (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpreteer, analiseer en sintese van bewyse uit die Bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Na 1989 het Mubarak ʼn nuwe ekonomiese beleid ingestel om stabilisasie te bewerkstellig
- Egipte het ʼn ekonomiese krisis beleef (inflasie, geen ekonomiese groei, begrotingstekort)
- Die nuwe ekonomiese beleid het 'n negatiewe uitwerking op die lewenstandaard van Egiptenare
- Mubarak het voedselsubsidieskemas ingestel
- Dit het nie gehelp nie meer as 80% van Egiptenare het gesteun op voedsel-subsidiëring
- Lewenstandaarde het gedaal
- Egiptenare het ontevrede geraak met Mubarak se regering
- 'n Rewolusie het ontplof (2011) en Mubarak was omvergewerp
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn baie elementêre manier bv. **toon geen of min begrip van hoe Mubarak se ekonomiese hervormings bygedra tot armoede van Egiptenare**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is grotendeels relevant en hou grotendeels verband met die onderwerp bv. **toon op begrip van hoe Mubarak se ekonomiese hervorming bygedra het tot die armoede van Egiptenare**<br>• Gebruik bewyse op ʼn basiese manier | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ʼn deeglike begrip van hoe Mubarak se ekonomiese hervorming bygedra het tot die armoede van Egiptenare.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip toon vir die onderwerp. | **Punte: 6–8** |

(8)

## 2.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.7.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme in die USSR bygedra het daartoe dat Egipte herstruktureer (hervoorstel) is gedurende die 1990's.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe die val van kommunisme Egipte se ekonomiese en politieke beleide beïnvloed het en die uitwerking daarvan of enige ander inleiding.

UITBREIDING

- Sosialistiese ekonomiese beleide is vervang met kapitalisme, die 'vrye mark stelsel'
- Wêreld geldelike organisasies (Wêreld Bank en Internasionale Monetêre Fonds) beïnvloed Egipte om sy ekonomiese beleid te verander
- Die invloed van die finansiële organisasies op die ekonomie en die uitwerking wat dit het op die lewensstandaarde van die Egiptenare.
- Die invloed van die regering se ekonomiese beleid het verder ongelykhede tussen ryk en arm aangemoedig.
- Meer as 80% van Egiptenare het op regeringsubsidies gesteun om te oorleef
- Politieke en ekonomiese korrupsie en die invloed op Egipte
- Baie Egiptenare kon nie hul families behoorlik voed nie
- Egiptenare het ontevrede geraak met Mubarak se regering
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moer hul argument saamvat met 'n relevante slot

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer.**

2.7.2 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse uit die Bronne en eie kennis om die argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Deur die gebruik van al die bronne sowel as eie kennis moet kandidate aandui of hulle met die stelling saam stem al dan nie. Hulle moet duidelik 'n relevante gedagterigting aandui en wys hoe politieke en ekonomiese beleide van Hosni Mubarak bygedra het tot die val van Egipte.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: 'n Relevante inleiding sal voldoen.

UITBREIDING

- Impak van die einde van die Koue Oorlog op Egipte
- Nuwe ekonomiese beleide dra by tot armoede en 'n daling in die lewensstandaarde van die oorgrote meerderheid van Egiptenare
- Die ekonomie van Egipte was swak en kon nie die groeiende bevolking van Egipte voed nie
- Armoede het toegeneem as gevolg van die ongelyke ontwikkeling wat die rykes bevoordeel het.
- Die regering het nie armoede effektief aangespreek nie omdat die meerderheid van Egiptenare op staatshulp gesteun het vir oorlewing
- Kwaliteit en Kwantiteit van goedere was swak, dit het moeilik geword om die bevolking te voed.
- Egiptenare het vertroue verloor in Mubarak se leierskap
- Opstand in 2011 (ontwikkel in 'n rewolusie)
- Rewolusie 'n sukses want Mubarak se regering kom tot 'n einde
- Terwyl Mubarak leier van Egipte was het hy rykdom bymekaar gemaak (korrupsie is heersend gedurende sy regering)
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Samevatting: Kandidate moer hul argument saamvat met 'n relevante slot (30)

**Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument aanvoer met relevante bewyse.**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer [75]**

**VRAAG 3: HOE WAS DIE ONDERHANDELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA IN DIE VROEË 1990's DEUR KONFLIK EN SPANNING BEDREIG?**

3.1
3.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*
- 'n Vuur was onder Suid-Afrika aan die brand gesteek
- Dit het die weg gebaan vir onderhandeling
- Dit het die moontlikheid laat ontstaan vir demokrasie in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpreteer van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3)]*
- Regsgesinde nasionaliste was vasberade om nie 'n meerderheidsregering te aanvaar nie
- Zoeloe-nasionaliste wou mag in hul eie deel van die land hê (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Onluste
- Slagtings
- Geweld (enige 1 x 1) (1)

3.2
3.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3B – V1– LU1 (AS3)]*
- Zoeloe trekarbeiders (enige 1 x 1) (1)

3.2.2 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3)]*

**(a) Inwoners van Sebokeng**
**GEREGVERDIG**
- Om hulle met gevaarlike wapens te bewapen
- Wraak vir die moorde van die inwoners
- Moet dien as afskrikmiddel om nie deur Zoeloe trekarbeiders aangeval te word nie
- Enige ander relevante antwoord

**NIE REGVERDIG**
- Dit het bygedra tot geweld
- Dit het gemeenskappe gepolariseer
- Hulle moes toegelaat het dat die wet sy gang gaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**(b)Die Suid-Afrikaanse Weermag**
**GEREGVERDIG**
- Hulle moes hul plig doen (bevele uitvoer)
- Hulle moes wet en orde handhaaf
- Hulle moes menselewens beskerm
- Enige ander relevante antwoord

**NIE REGVERDIG**
- Hulle moes in 'n meer bedaarde manier opgetree het
- Hulle moes toegelaat het dat die polisie sy plig doen
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpreteer en analiseer van Bron 3B – V2 – LU1 (AS3)]*

**GEMEENSKAP SE WEERGAWE**

- Die gemeenskap het die polisie blameer
- Die gemeenskap het gesê die polisie was gereed om te skiet/ hulle gewere oorgehaal
- Enige ander relevante antwoord

**POLISIE SE WEERGAWE**

- Die inwoners was verantwoordelik vir die geweld want hulle was met gevaarlike wapens bewapen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Vergelyking van of bewyse uit Bron 3B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]*
**Kandidate moet EEN van die twee uittreksels kies en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**UITTREKSEL 1 (Polisie se weergawe)**

- Dit was die amptelike weergawe van die polisie
- Dit is 'n ooggetuie weergawe van die polisie
- Daar was geen rede om die polisie se weergawe in twyfel te trek nie
- Enige ander relevante antwoord

**UITTREKSEL 2 (Inwoners se weergawe)**

- Die gemeenskap was ooggetuie van die gebeure
- Gemeenskap was bewus van polisie betrokkenheid by geweld
- Gemeenskap was bewus van 'Derde Mag' betrokkenheid by geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Analiseer inligting van 'n spotprent uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS4)]*

- Daar was baie voortslepende geweld op die treine
- Daar was voortslepende moorde op die treine soos voorgestel deur dood wat op die treine ry
- Dit is 'n voorstelling van donker en slegte tye in die geskiedenis van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Om die onderhandelingsproses van die baan af te skuif
- ANC moes demotiveer word
- Politieke groepe wou die onderhandelinge in onguns bring
- Baie werkers maak gebruik van die treine en moordenaars was bewus daarvan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit die grafiek uit Bron 3D – V1 – LU1 (AS3)]*
- 1993 (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Evaluering and Interpreteer van statistiek uit Bron 3D – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS1)]*

- Voortslepende geweld tussen die IFP en ANC
- Boipatong slagting
- Bisho slagting
- Sluipmoord van Chris Hani
- Derde Mag betrokkenheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Vergelyking en evaluering van bruikbaarheid van verskillende verklarings uit Bron 3D – V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*
**Kandidate moet aandui of die bron bruikbaar is en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**BRUIKBAAR**
- 'n Historikus benodig verskillende bronne en die grafiek sal baie behulpsaam wees
- Presiese getalle is belangrik vir die historikus wat navorsing doen
- Die toename van getalle wys dat geweld toegeneem het
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BRUIKBAAR**
- Die statistiek kan verkeerd wees
- Die inligting kan eensydig wees
- Daar is nie genoeg inligting op geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3C en 3D – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2)]*

**BRON 3C**
- Wys die algemene neiging van treingeweld tussen 1991 – 1992
- Wys die afgryslikheid van treingeweld

**BRON 3D**
- Dit komplementeer Bron 3C deur syfers te verskaf van mense wat gesterf het in politieke geweld
- Komplementeer Bron 3C by deur 'n breër beeld te verskaf van politieke geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpreteer, analiseer en sintese van bewyse uit die Bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Voortslepende geweld (Natal) soos die Nasionale Party en die ANC onderhandel het – het baie mense laat vrees dat 'n vredeskikking nie bereik gaan word nie (1990)
- Ondersteuning van Derde mag aktiwiteite – (oënskynlik deur die regering), het baie mense laat vra of die regering ernstig is met onderhandeling (1990)
- Gesprekvoering by KODESA I stop
- Vaaldriehoek geweld gee aanleiding dat die ANC gesprekvoering stop (KODESA II) (1992)
- Moord van Chris Hani (1993)
- Reggesinde nasionaliste probeer om onderhandelinge te stop – Wêreldhandel sentrum
- Regsgesinde bomontploffings dwarsoor Suid-Afrika
- Shell House-slagting
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van hoe die uitbreek van politieke geweld in Suid-Afrika gedreig het om die onderhandelingsproses te ontspoor**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die uitbreek van politieke geweld in Suid-Afrika gedreig het om die onderhandelingsproses te ontspoor**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die uitbreek van politieke geweld in Suid-Afrika gedreig het om die onderhandelingsproses te ontspoor**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 6–8** |

(8)

## 3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.7.1 *[ Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Wanneer die opstel geskryf word moet kandidate fokus op die verskillende uitdagings wat die onderhandelingsproses in Suid-Afrika in die vroeë 1990's konfronteer het .

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet fokus op die uitdagings wat die proses van onderhandelinge konfronteer het.

UITBREIDING
` Fokus op die proses van onderhandeling tussen 1990 en1994:

- De Klerk se toespraak wat Mandela se vrylating aankondig was 'n uitdaging
- Geweld in Natal tussen die ANC en Inkatha
- Impak van 'Derde Mag'-aktiwiteite
- Reggesinde Konserwatiewe Party en linksgesinde Pan Afrikaniste Kongres het KODESA geboikot
- IFP leier, Mangosuthu Buthelezi het geweier om by te woon
- Blanke referendum gee aan De Klerk 'n duidelike mandaat om te onderhandel en dit was 'n uitdaging vir die vêrregses
- KODESA 11 stort in duie oor meerderheid regering/magsdeling/streeksmagte
- Toenemende geweld (Boipatong, Bisho, ens.)
- Minuut van Begrip as gevolg van samesprekings tussen Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer
- Sluipmoord van Chris Hani gee aanleiding tot protes en dit kon die onderhandelingsproses verongeluk
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum deur die verregse AWB
- Shell House-slagting
- Reggesinde bomontploffings dwarsoor Suid-Afrika bv. Jan Smuts lughawe
- Finale ooreenkoms word bereik
- 1994-verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer.**

3.7.2 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse uit die Bronne en eie kennis om die argument te ondersteun - L2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of dit 'n akkurate waarneming is en die antwoord toelig met relevante bewyse. Hulle moet bespreek hoe onderhandelinge plaasgevind het met die voortslepende geweld en krisisse. Indien hulle nie saam stem nie moet hulle hul
antwoord met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of dit 'n akkurate waarneming is en aandui hoe hulle beoog om hul argument te ondersteun. Indien hulle nie saam stem nie moet hulle hul antwoord met relevante bewyse ondersteun

UITBREIDING

- Verskillende groepe se reaksie op die proses van onderhandeling bv. reggesindes, gematigde wittes, swart radikale en Zoeloe nasionaliste
- Geweld wat in die woonbuurtes plaasgevind het bv. in Natal
- Derde Mag-betrokkenheid wat aanleiding gegee het tot treinaanvalle
- Geld aan die veiligheids polisie wat anti ANC aktiwiteite moes befonds
- De Klerk en AWB – De Klerk moes 'n vergadering in Ventersburg verlaat in 'n gepanserde voertuig.
- Blanke referendum gee aan De Klerk 'n duidelike mandaat om te onderhandel
- KODESA 11 stort in duie oor meerderheid regering/magsdeling/ streeksmagte
- Toenemende geweld (Boipatong, Bisho ens) Sluipmoord van Chris Hani gee aanleiding tot gewelddadige betogings
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum deur die reggesinde AWB
- Shell House-slagting ANC skiet op IFP betogers
- Regsgesinde geweld motorbomme op Jan Smuts lughawe
- 1994-verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot (30)

**Indien kandidate NEE antwoord moet hulle hul argument aanvoer met relevante historiese bewyse.**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer. [75]**

## VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL OM SUID-AFRIKA SE VERLEDE TE HANTEER?

4.1

4.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Om rekonsiliasie te bewerkstellig deur mense oor te haal om hul misdade te erken
- Genesing
- Nasiebou (enige 1 x 2) (2)

4.1.2 *[Interpreteer van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Swartes wat onder apartheid gely het sou vergelding en regspraak hê
- Swartes wat so lank gely het was nie gereed om so gou te vergewe en te vergeet nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.1.3 *[Interpreteer van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Motiewe vir die WVK sou met agterdog bejeën word deur sekere instansies
- Sommige mense was nie opreg, eerlik en betroubaar nie
- Daar was positiewe en negatiewe kritiek
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2

4.2.1 *[Interpreteer en analiseer van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2 en 3)]*

- Amnestie proses
- Sommige mense het voor die WVK verskyn
- Andere het die WVK ontsnap
- Tutu is verbaas /geskok dat baie vooraanstaande mense nie verskyn het voor die WVK nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2.2 *[Interpreteer en analise van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2 en 3)]*

**Kandidate kan of AKKURAAT of NIE AKKURAAT en hul antwoord toelig geldige redes**

**AKKURAAT**

- Party mense het voor die WVK verskyn terwyl andere weggekom het
- Die prominente politici (verteenwoordig deur die groot visse) het nie voor die WVK verskyn nie.
- Baie mense wat voor die WVK verskyn het, het amnestie ontvang
- Enige ander relevante antwoord

**NIE AKKURAAT**
- Mag bevooroordeeld wees
- Baie van die vooraanstaande politici het ook voor die WVK verskyn
- Deur die politici voor te stel as visse wat in die see swem mag sinspeel dat hulle op een of ander stadium gevang gaan word – nie waar nie- hulle wou nie voor die WVK verskyn nie.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.2.3 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
**Kandidate kan of SAAMSTEM OF NIE SAAM STEM en hul antwoord toelig met geldige redes**

**STEM SAAM**
- Omdat die WVK nie die reg gehad het om mense te dagvaar nie het baie weggekom
- Hoofsaaklik die politikusse met mag het nie voor die WVK verskyn nie
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM**
- Nie almal het weggekom nie
- Mag bevooroordeeld wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.3
4.3.1 *[Interpreteer en evalueer van bewyse van statistiek uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Drie kwart van swart Suid-Afrikaners het die werk van die kommissie goedgekeur terwyl 'n kwart van swartes dit afgekeur het
- Een derde van blankes het die werk van die kommissie goedgekeur terwyl twee derdes dit afgekeer het
- Swartes het 'n positiewe siening van die WVK terwyl wittes negatief was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.3.2 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
**Kandidate kan of JA of NEE kies en hul antwoord toelig met geldige redes.**

**JA (VOEG WAARDE BY)**
- Dit gee die leser 'n begrip hoe die verskillende rasse groepe die WVK beskou
- Dit gee die leser 'n begrip van die werk van die WVK
- Dit evalueer die WVK in terme van die ontbloting van die waarheid en herstel/vergoeding
- Enige ander relevante antwoord

**NEE (VOEG NIE WAARDE BY)**
- Kan bevooroordeeld wees
- Statistiek verskaf nie betroubare inligting nie – kan manipuleer word
- Monster is te klein om veralgemenings te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4
4.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4D – V1 – LU1 (AS3)]*
- Duisende Suid-Afrikaners het na die kommissie gekom om hul stories aan ons te vertel
- Suid-Afrika se vreedsame oorgang na demokrasie, toppunt in die WVK proses, word amper in barmhartige gees van gepraat, as 'n verskynsel eensoortig in die anale (rekords) van geskiedenis.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 1) (1)

4.4.2 *[Interpreteer van bewyse uit Bron 4D – V2 – LU1 (AS3)]*
- Hulle het bygedra tot Suid-Afrika se vreedsame oorgang na demokrasie
- Die waarheid is ontbloot
- Geskiedenis is gemaak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4.3 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4D – V1 – LU1 (AS3)]*
- Die blanke gemeenskap het nie voordeel getrek uit die WVK nie
- Die ontkenning van blankes dat hulle voordeel getrek het uit apartheid

(2 x 1) (2)

4.4.4 *[Interpretasie uit Bron 4D – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
**Kandidate kan of REGVERDIG Of NIE REGVERDIG kies en hul antwoord toelig met geldige redes**

**GELDIG**

- WVK was 'n kanaal om skoon te kom, tog het hulle nie voordeel daaruit getrek nie
- Die is algemene kennis dat blankes voordeel getrek het uit apartheid
- Die blanke ras het 'n geleentheid gehad om 'n bydrae te maak tot rassevrede (harmonie), om 'n bydrae te maak tot die nuwe Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GELDIG**
- Tutu mag te kras gewees het
- In die gees van rekonsiliasie moes hy baie meer toegeeflik gewees
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

4.5 *[Interpreteer, analiseer en sintese van bewyse uit Bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Verbeter rasseverhoudinge tussen swart en wit Suid-Afrikaners
- Help met die proses van nasiebou en rekonsiliasie
- Beter lewens en sekuriteit vir almal was gevestig
- Nasionale eenheid bevorder deur verhore
- Albei kante van die konflik het getuienis gelewer bv. die bevrydingsbeweging en die regering
- Amnestie gee aanleiding dat oortreders getuie lewer
- Slagoffers het uitgevind wat werklik gedurende die apartheidsjare gebeur het.
- Slagoffers kon verlief neem met die feit dat die oorskot van hul, geliefdes was aangewys en die laaste begrafnisplegtigheid kon gedoen word
- Baie vermiste slagoffers is identifiseer, grafte uitgeken en dooies opgegrawe en weer aan families gegee om weer begrawe te word
- Rasse groepe het die WVK verskillend evalueer
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van die impak van die WVK op Suid-Afrika.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak van die WVK op Suid-Afrika.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie eenvoudige manier | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip van die impak van die WVK op Suid-Afrika.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 6–8** |

(8)

## 4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek of die WVK sukses was om 'n einde te bring aan Suid-Afrika se verdeelde verlede al dan nie.

HOOFASPEKTE

Die kandidate kan die volgende punte in hul antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die stigting van die WVK bespreek en 'n aanduiding gee of dit 'n suksesvol was om sy oogmerke te bereik al nie, of enige ander relevante inleiding.

UITBREIDING

**Argument vir suksesvol:**
- WVK het deur Suid-Afrika gereis om na stories van beide die slagoffers en oortreders te luister
- Nasionale eenheid was bevorder deur verhore
- Oorsake van mense regte skending was identifiseer as gevolg van apartheidsbeleid
- Beide kante van die konflik het getuie lewer bv. Bevrydingsbeweging en die regering
- Amnestie gee aanleiding dat oortreders bereidwillig was om getuie te lewer
- Om te luister na die stories van die oortreders het slagoffers gehelp om te vergewe en te genees
- Slagoffers het uitgevind wat werklik gedurende die apartheidsjare gebeur het.
- Baie vermiste slagoffers is geïdentifiseer, grafte uitgeken en dooies opgegrawe en weer aan families gegee om weer begrawe te word
- Rasse verhoudinge het verbeter
- Vergoeding is betaal aan families van slagoffers
- Amnestie gegee aan diegene wat gewillig was om te getuig
- Regsorde was versterk
- Menslike waardigheid was respekteer

**Argument vir nie suksesvol:**
- Sommige families het nie helende regspraak aanvaar nie (hulle was ten gunste van strafmatige regspraak ), bv. die Mxenge and Biko families.
- PW Botha, die voormalige staatspresident van Suid-Afrika het geweier om voor die WVK te verskyn
- FW de Klerk het geweier om verantwoordelikheid te aanvaar vir beweerde 'Derde Mag' aktiwiteite

- Die ANC wou nie menseregteskending wat gedurende apartheid gepleeg is onder dieselfde kam skeer as daardie gedurende die vryheidstryd nie
- Nie een van die hoof politieke partye het 'n openbare verskoning gevra vir geweld wat gedurende apartheid gepleeg is en die stryd daarteen nie
- Nie alle slagoffers het vergoeding ontvang nie
- Vergoeding was nie genoeg/'n eenmalige betaling van ± R27 000.
- Baie oortreders het nie voor die WVK verskyn nie.
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer.**

*4.6.2 [Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun- L2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem al dan nie. Indien hulle met die stelling saam stem moet hulle bewyse voorsien hoe die WVK nasionale eenheid en rekonsiliasie bevorder het. Indien hulle nie saam stem nie moet hulle deurgans hul gedagte gang staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die doelwitte en die funksionering (prosesse) van die WVK verduidelik.

UITBREIDING
**STEM SAAM**
- Nasionale eenheid aangehelp deur verhore
- Oorsake van menseregte skending is geïdentifiseer as 'n gevolg van die implementering van die apartheidsbeleid
- Beide kante van die konflik het getuie lewer, bv. bevrydingsbeweging en die regering. Slagoffers het uitgevind wat werklik gedurende die apartheidsjare gebeur het.
- Amnestie gee aanleiding dat oortreders gewillig was om te getuig
- Slagoffers het uitgevind wat werklik gedurende die apartheidsjare gebeur het.
- Baie vermiste slagoffers is geïdentifiseer, grafte uitgeken en dooies opgegrawe en weer aan families gegee om weer begrawe te word.
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM**
- Sommige oortreders het nie voor die WVK verskyn nie
- Openbare belydenis het ontbloot hoeveel geweld gepleeg was
- Verskillende opinies –oorlogmisdaadtribunale – heksejag
- Woede – glo dat oortreders van gru menseregteskending het straf vrygespring, bv. PW Botha
- Amnestie was 'n twispunt
- Apartheidsregering het nie berou getoon vir dade, bv. FW de Klerk
- Heropening van pynlike wonde
- Neutraliteit van die WVK was met agterdog beskou deur die vorige leiers van die apartheidsregering
- Daar was nie eenstemmigheid oor die finale verslag nie
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer [75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou